COMMUNITY NEWSPAPER

Breast Cancer Awareness Month

PRICE R17.50

27 October 2026

Gans Berg Nuus/News

327 Edition

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Mediese Gids | Ope Tuindag | KWV se bekroonde wyne | Penguin Palooza | Birkenhead Boothengelklub

Franskraler se twee slim ontwerpe wen pryse by NAMPO



Prof JP Rossouw van Franskraal (tweede van links) ontvang sy prys by verteenwoordigers van die organiseerders, Graan SA, Omnia en Landbouweekblad.

Tydens die landbou-uitstalling NAMPO Kaap, wat in September 2026 by Bredasdorp Park aangebied is, het prof JP Rossouw, 'n Franskraler, besondere sukses in die gewilde Boereplanne-kompetisie behaal. Die kompetisie, wat deur Omnia, Graan SA en Landbouweekblad aangebied is, het praktiese uitvindings ten toon gestel wat daarop gemik is om alledaagse uitdagings op die plaas en in die huishouding op te los. Prof Rossouw het met sy unieke uitvindings twee tweede plekke in twee verskillende kategorieë behaal - 'n puik prestasie waarop hy trots kan wees!

Prof Rossouw is 'n navorsingsgenoot in die Navorsingseenheid van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom. Hy en sy eggenote, dr Margaret Rossouw, is sedert Oktober 2022 permanente inwoners van Franskraal, vanwaar hulle hul akademiese werk by die NWU aanlyn voortsit. Hulle gee nie meer voorgraadse klasse nie, maar is albei steeds betrokke by die skryf en bywerking van handboeke vir onderwysers. Hulle tree ook as eksterne eksaminatore binne die honneursprogram op om studente se navorsingsprojekte te assesseer. “Die navorsingsveld waarbinne ek en Margaret werk, is Onderwysreg (*Education Law*). Ek het 'n jaarlikse kontrak met die NWU as navorser en my werk behels die skryf van akademiese artikels, die lewering van referate by konferensies en die optrede as promotor van meestersgraad- en doktorale studies,” verduidelik hy.

Prof Rossouw het interessante inligting oor sy twee bekroonde ontwerpe aan Gans-Berg Nuus gestuur. In die afdeling vir gereedskap en toerusting het hy met sy uitvinding, genaamd 'Spoel-tot-spoel', die tweede plek ingepalm. In die ope/algemene kategorie het hy nóg 'n tweede plek behaal met sy ontwerp van 'n uitskuifdakrak.

Spoel-tot-spoel-ontwerp

Met hierdie ontwerp kan 'n kragboor gebruik word om vislyn of *braid* vinnig van een spoel na 'n ander, of van 'n katrol af, oor te plaas. “Enige grootte spoel kan aangedryf word deur middel van assies wat met 'n 3D-drukker vervaardig is,” verduidelik hy. “Die ontwerp is hoogs funksioneel, aangesien dit ook die handvatsels van viskatrolle kan aandryf.” Voorsiening is gemaak vir sowel koffiemeulkatrolle as konvensionele oopspoelkatrolle (*multipliers*). Volgens prof Rossouw kan die lyn dus binne minute van 'n katrol afgehaal en tydelik na 'n leë spoel oorgeplaas word. Daarna kan dit weer op die katrol teruggeplaas word, sodat die onderste, ongebruikte lyn bo kom. Hierdie ontwerp het aan hom 'n tweede plek in sy kategorie besorg.

Uitskuifdakrak-ontwerp

Die ander ontwerp, 'n 'uitskuifdakrak', het hom 'n tweede plek in die ope kategorie besorg. “Die stawe waaraan visstokke op die bakkie se dak vasgeklamp word, kan sywaarts in 'n buis inskuif, sodat die stokke makliker afgehaal kan word,” vertel hy. “'n Verdere groot voordeel is dat die stokke, met katrolle en al, weggeskuif kan word om die agterste deksel van die kappie oop te maak, sonder dat die stokke eers afgehaal hoef te word.” Stokke van verskillende diktes kan ewe goed tussen sponse vasgeknyp word, terwyl die knippe só ontwerp is dat dit nie tydens 'n rit deur die duine losgaan nie. Dit is beslis twee handige ontwerpe deur prof Rossouw wat vissermanne goed te pas sal kom!

Vorige wen-ontwerpe

Prof Rossouw, wat voorheen in Potchefstroom gewoon het, neem reeds sedert 2019 suksesvol aan die Boereplanne-kompetisies in sowel Bredasdorp as Bothaville in die Vrystaat deel. Oor die jare het hy verskeie oorspronklike ontwerpe vir byeboerdery ontwikkel, onder meer spesiale tegnieke om byeswerms te vang sonder om die bye te beseer, asook maniere om sonkrag te gebruik om byewas te smelt. In 2024 het sy glas-observasiekorf 'n eerste plek behaal. “Dit is spesiaal ontwerp sodat die normale aktiwiteite van bye en hul koningin op die waskoeke van naby besigtig kan word, sonder dat spesiale beskermende klere nodig is,” verduidelik hy. “Die korf kan selfs binnenshuis gemonteer word, met 'n uitgang na buite.”

Gans-Berg Nuus wens prof Rossouw geluk met die pryse wat hy met sy vindingryke ontwerpe ingepalm het. Die Groter Gansbaai-omgewing, en veral Franskraal, kan met reg trots wees op hom!
(Inligting en foto's: prof JP Rossouw)

Hardus Botha



Ontwerp: “Van spoel na katrol”.



Ontwerp: “Van katrol na spoel”.



Ontwerp: “Uitskuifdakrak”.



Die eerste- en tweedeplekwenners.

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.
Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282


MICHELLE VAN ZYL
OWNER / ADVERTISING
MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA / 078 010 8286


MELISSA VAN ROOYEN
GRAPHIC DESIGNER / DESIGN@GANSBERG.CO.ZA
EDITORIAL CONTENT / INFO@GANSBERG.CO.ZA


HARDUS BOTHA
JOURNALIST
INFO2@GANSBERG.CO.ZA / 082 786 0464


TRACY HULME
ADMIN ASSISTANT
TRACY@GANSBERG.CO.ZA / 076 672 6283


JANINE WILLIAMS
ADVERT REPRESENTATIVE
JANINE@GANSBERG.CO.ZA / 072 931 1431


ERIKA SCHEEPERS
ADVERT REPRESENTATIVE
ERIKA@GANSBERG.CO.ZA / 072 489 5211

Borskankerstappe sluit Woensdag feestelik af



Lihan Lourens (9), wat eerste geëindig het, saam met sy ouma, Annelie Lourens.

"Ons nader nou die einde van Oktobermaand se Borskankerstappe," vertel Annaleen Genade, organiseerder. "Woensdag, 21 Oktober 2026, was die voorlaaste stap, en sowat 50 stappers het deelgeneem, ondanks die ongunstige weer." Die onderwerp wat Annaleen met die stappers bespreek het, was Reach for Recovery (R4R) se Ditto-projek, wat prosteses beskikbaar stel aan pasiënte sonder 'n mediese fonds, asook Pick n Pay en SAMFA se Mushroom-projek.

Nou sien alle ondersteuners uit na die groot dag: Woensdag, 28 Oktober 2026, wanneer die reeks stappe, wat deur die gemeenskap goed ondersteun is, feestelik afgesluit word. Daar sal vir oulaas gestap word, waarna die pryse uitgedeel en die wenners van die lootjies vir die vrugtekoek en die kwilt aangekondig sal word. Die groot prys is 'n *Marine Dynamics Big 5 Tours*-ervaring vir twee persone, ter waarde van R4 680! Kom geniet die geselligheid, smul aan worsbroodjies en kuier lekker saam.

Annaleen bedank graag die volgende borge vir die stap op 21 Oktober: Biltong Boss, Buitesteen Pub & Grill, Franskraal Minimark, Helena Pienaar, Irma van Zyl (Avon), Karen Nel, Lady La Beauty (Charmaine van der Westhuizen), J Transport (Jacques Korkie), Prime Cut Slaghuis, The Chameleon's Den,


21 Oktober se stappers.


21 Oktober se pryswenners.

Willem Stoman, Franskraal Buurtwag & Marshalls, Franskraal Rolbalklub, Gans-Berg Nuus (Hardus Botha) en fotograaf Frans Botha.

Vir enige navrae, om jou teenwoordigheid te bevestig (RSVP) of om 'n donasie te maak, kan Annaleen Genade by 072 523 0650 gekontak word, of 'n e-pos aan haar gestuur word by annaleengenade@gmail.com.

Hardus Botha









Medical 911


1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

Nuwe mediese gids bring Overberg se gesondheidsdienste bymekaar

Gans-Berg Nuus doen dit toe weer! Dié keer is dit met 'n nuttige mediese gids, *Overberg Medical Source - Your Guide to Healthcare in the Overberg*. "Dit is ons eerste uitgawe van hierdie mediese gids, en ons beplan om dit 'n jaarlikse instelling te maak," het Michelle van Zyl, eienaar van Gans-Berg Nuus, gesê. "Hersiene uitgawes sal jaarliks in Oktober/November op die winkelrakke beskikbaar wees."



Mediese instellings het die publikasie van die mediese gids verwelkom. Dié wat nie betyds op die versoek om inligting gereageer het nie, het reeds aangedui dat hulle met die volgende uitgawe op die wa sal spring. Die netjiese en gepaste voorblad, met die slagspreuk *Healthy Today, Stronger Tomorrow*, verwys na die gebiede Bredasdorp, Gansbaai, Hermanus, Stanford en Struisbaai, waar die mediese gids beskikbaar is.

'n Uittreksel uit die *Boodskap deur die Redakteur* lui soos volg: "Ons ontvang gereeld mediese navrae vanuit gemeenskapsgroepe regoor die Overbergstreek, asook telefoniese navrae by ons kantoor. My motivering vir hierdie projek is eenvoudig: ek het gevoel dat dit voordelig sou wees om hierdie inligting in boekvorm beskikbaar te stel, sodat almal daarby kan baat vind. Soos julle weet, is die Gans-Berg Nuus-span altyd oop vir nuwe ontwikkelings en uitdagings. Daarom het ons besluit om die bul by die horings te pak."

Blaai 'n mens deur die mediese gids, vind jy inligting en kontakbesonderhede van 'n wye verskeidenheid mediese instellings. Enkele voorbeelde van die sowat 30 kategorieë en dienste wat gedek word, is algemene praktisyns (huisartse), optometriste, apteke, pediaters (kinderdokters), tandartse, ortodontiste, fisioterapeute, ambulansdienste, patologielaboratoriums en gehoorpraktyke - en nog veel meer. Dit is beslis 'n nuttige mediese gids wat nie in enige huishouding behoort te ontbreek nie. Die mediese gids is reeds op die winkelrakke beskikbaar.

Gans-Berg Nuus het reeds verskeie soortgelyke projekte en inisiatiewe aangepak. Dit sluit onder meer drie getyboeke (jaarliks), die *Geskiedenis- en Resepteboek* (2021), die NGK-kerkalmanak (jaarliks) en die *Uilenkraalsmond Nuustak* (jaarliks) in. Gans-Berg Nuus het ook voorheen Laerskool Gansbaai se jaarlikse atletiekboek uitgegee. Dan is daar nog gereelde publikasies op versoek, soos dié ter bewusmaking van Borskankermaand, asook selfpublikasies vir privaat persone, waaronder digbundels en ander publikasies.

"Ek bedank graag ons adverteerders, borge en donateurs vir hul oorweldigende ondersteuning van hierdie mediese gids, wat nou beskikbaar is. Ek wil ook my lojale personeel bedank, wat agteroor gebuig het om hierdie projek suksesvol af te handel, ondanks hul gewone pligte. "'n Spesiale dankie gaan aan my grafiese ontwerper, Melissa van Rooyen, vir die toegewyde aandag wat sy aan die uitleg van hierdie mediese gids gegee het - en dit terwyl sy boonop verwagtend is! Ja-nee, Gans-Berg Nuus groei ook in getalle!" het Michelle die onderhoud afgesluit.

Hardus Botha

APPLIANCE@ALL
Repairs at your home!
Fridge Freezers,
Washing
Machines,
Stoves,
Dishwashers,
Microwaves,
Tumble Dryers.
Call Leonard
082 601 0753

Prag LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET. HERMANUS
083 660 9115

Paintworx
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External
Call Mike on 063 708 4283

Overberg Scaffold & Machine Hire
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area.
Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

Gansbaai Tuinklub nooi jou na sy eerste Ope Tuindag

Belangstellendes in pragtige tuine kan solank regmaak vir 'n insiggewende, interessante en gesellige dag op Saterdag, 31 Oktober 2026, in Elsa van Zyl se pragtige Ikigai-tuin in Kleinbaai. Die op en wakker lede van Gansbaai Tuinklub, almal vrywilligers, bied sy eerste jaarlikse Ope Tuindag aan.



Besoekers kan uitsien na die groot verskeidenheid proteaspesies in die Ikigai-tuin, asook 'n interessante program met verskeie aktiwiteite. Die program begin om 09:30 en eindig om 15:00. Die onderskeie items word soos volg aangebied: Proteaskilderdemonstrasie (Michelle May Fourie); Veiling van 'n proteaskildery; Armand Aucamp se gelukkige trekking; Voëlkykpraatjie (Ed Meyer); Fynboskrans-demonstrasie (Careen Fourie).



Hierdie is 'n geleentheid wat tuinliefhebbers nie wil misloop nie! Toegangskaartjies kos R30 en sal by die Ikigai-hek beskikbaar wees. Verversings en plante sal ook te koop aangebied word. Let wel: Slegs kontantbetalings sal aanvaar word; geen kaartgeriewe sal beskikbaar wees nie.



Besoekers kan hul motors by Bosbokstraat 19, Kleinbaai, parkeer en dan die kort entjie na die Ikigai-tuin se hek stap. Vir meer inligting, stuur 'n WhatsApp-boodskap na 084 978 6319 of skakel 084 796 4905.

Hardus Botha

GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za



There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Authorized Financial Service Provider FSP 53883
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, **Hermanus**
028 316 1659
57 Main Road, **Kleinmond**
028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, **Gansbaai**
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, **Stanford**
028 34 101 34
082 322 0874

CapeNature begin Skenkingsprojek



'n Besoek aan 'n CapeNature-natuurreservaat kan ook 'n buurmens in nood help. Sedert 5 Oktober 2026 kan besoekers aan drie deelnemende natuurreservate gebruikte klere, komberse en ander noodsaaklike items skenk om plaaslike nie-winsgewende organisasies te ondersteun.

Die eerste fase van die skenkingsprojek vind plaas by Grootvadersbosch-natuurreservaat naby Heidelberg, Kogelberg-natuurreservaat naby Kleinmond en Cederberg-wildernisreservaat naby Clanwilliam. Elke reservaat het 'n aangewese insamelpunt by die ontvangsarea, waar personeel besoekers sal help om skenkings af te laai.

Skenkings by Grootvadersbosch gaan aan die Mosaic Training Service and Healing Centre, wat hom beywer vir die voorkoming van en ondersteuning aan slagoffers van huishoudelike geweld en geweld deur intieme lewensmaats. Kogelberg se skenkings sal die Hermanus Night Shelter ondersteun, wat skuiling en hulp aan hawelose mense bied. By Cederberg gaan skenkings aan BADISA se Clanwilliam-tak, wat kinderbeskermingsdienste lewer.

“Ons natuurreservate is deel van plaaslike gemeenskappe, en hierdie projek bied besoekers 'n praktiese manier om die mense wat in en om dié gebiede woon, te ondersteun,” het Sheraaz Ismail, CapeNature se uitvoerende direkteur: Ekotoerisme en Toegang, gesê. “As jy 'n kombers of kledingstuk in 'n goeie toestand het wat jy nie meer gebruik nie, bring dit gerus saam wanneer jy weer besoek aflê. Ons plaaslike vennote sal sorg dat dit die mense bereik wat dit nodig het.”

Besoekers kan skoon, gebruikte klere en komberse skenk, asook noodsaaklike items soos onderarmdeodorant of rol-aan-deodorant en sanitêre doekies. Alle items moet in 'n goeie toestand wees. Geen voedselskenkings sal aanvaar word nie. Die items sal aan die deelnemende geregistreerde nie-winsgewende organisasies oorhandig word vir verspreiding aan individue en gesinne in nood.

CapeNature Algemene Bestuurder: Petro van Rhyn



Fixed Term Contract - 20 x General Workers

An exciting opportunity has arisen for 20 x FTC General Workers at I&J, Danger Point, Gansbaai. We are seeking individuals who will assist with the daily tasks and procedures in the departments mentioned below:

Duration:
2 Months (1st December 2026 until 31st January 2027)

- Packing x 4 General Workers
- Nursery x 4 General Workers
- Grow On x 10 General Workers
- Supply Chain x 1 General Worker
- Technical Services x 1 General Worker

Key Responsibility Areas:
- Animal Husbandry (Feeding of Abalone)
- Cleaning of tanks and channels
- Grading of animals
- Clean and feed abalone bins
- Clean Floors and sterilize cleaning equipment
- Feeding and cleaning brood stock
- Seaweed harvesting and maintenance
- Biosecurity and Hygiene
- Removing Abalone Juveniles from settlement plates (Deplanting)
- Assisting general hygiene in all Nursery departments
- Cleaning and feeding of abalone in the weaning department.
- Assisting with anaesthetizing, weight splitting and transfer of abalone to Grow-On.
- Assist grading of batches in grow-on for live exports and canning and split & working nightshift when required
- Sorting and sampling Abalone (sampling prep - pack / after packaging weighing)
- Cleaning all areas - inside and outside
- Prepping of packaging material/boxes.
- Coding / preparing / packaging / counting / sample / of ice.
- Moving stock outside to inside.
- Packing of product at night
- Assisting in other departments when required
- Performing ad hoc duties

Minimum Requirements:
Experience:
- Minimum 1 year working experience in an Aquaculture environment

Qualifications:
- Grade 10 and higher

Additional Requirements:
- Working nightshift and overtime

Competencies:
- Continuously Improving
- Attention to Detail
- Planning and Organizing
- Maintaining Productivity

Please apply by submitting CV via email to SonwanbileG@ij.co.za

Closing Date: 03 November 2026

If you do not receive feedback within 1 week of closing date, please note that your application was unsuccessful.

KWV se bekroonde wyne steel die kollig



Anne-Marè de Witt, Izelle van Blerk, Ian de Witt en Dala Boshoff.

"Ons is bevoorreg om vanaand KWV se uitstekende wyne te proe," het Japie Spies, voorsitter van die Gansbaai Wynproegilde, gesê. "KWV het onlangs die kollig gesteel tydens die 36ste Veritas-toekenningsaand met 'n aantal gesogte Dubbelgoud-medaljes, asook vir 'n rekordderde agtereenvolgende jaar met die gesogte Duimpie Bayly Vertex-trofee."

Loraine Shuttleworth, mariene bioloog van Marine Dynamics, het die gaste ingelig oor die herkoms van Suzie, die unieke walvisskelet wat teen die restaurant se plafon hang. Daarna het Japie die gilde se gelukwense aan Altus le Roux, 'n lid van die Wynproegilde, oorgedra. Altus het tydens Veritas se Lewende Legende-toekenningsfunksie, 'n plek op die Eerbewysrol vir 'n Lewende Legende in die wynbedryf verwerf. (Gans-Berg Nuus, 14 Oktober 2026)

Izelle van Blerk, KWV se senior wynmaker, en Dala Boshoff, verkoopsbestuurder, is as verteenwoordigers van KWV verwelkom. Izelle, wat tong-in-die-kies ook as 'Kwaaitjie' bekend staan, het die aanbieding van die wyne behartig - 'n taak wat sy met groot onderskeiding uitgevoer het. Izelle is een van Suid-Afrika se mees bekwame en gerespekteerde wynmakers. Haar loopbaan word gekenmerk deur tegniese presisie, 'n intuïtiewe proesintuig, deurdagte leierskap en 'n onwrikbare verbintenis tot volgehoue gehalte. Sy het haar BSc-graad in Wingerdbou en Enologie (wynkunde) aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en in 2009 by KWV aangesluit. Die volle omvang van haar prestasies is te veel om hier op te noem - sy is 'n fenominale wynmaker.

Proewyne:
KWV, wat op 8 Januarie 1918 gestig is, se bekroonde wyne wat te proe aangebied is, is: Verwelkomingswyn*: Laborie Cap Classique (MCC) Blanc de Blancs* 2020 - die wyn waarmee KWV die gesogte Duimpie Bayly Vertex-trofee verower het; *Cathedral Cellar Sauvignon Blanc* 2025; *The Mentors Chenin Blanc* 2025; *Cathedral Cellar Pinotage* 2022; *The Mentors Cabernet Franc* 2022; *The Mentors Orchestra* 2022; *The Mentors Limited Cabernet Sauvignon* 2022; KWV 15-jaar-brandewyn - voor die nagereg, wat die spreekwoordelike kersie op die koek was! *Die Laborie Cap Classique Blanc de Blancs* 2020 is as witwyn van die aand aangewys, terwyl *The Mentors Orchestra* 2022 die rooiwyn van die aand was, asook die wyn van die aand.

Chris Pead se spyskaart, wat deur Maretha Cooper met die gaste bespreek is, het soos volg daar uitgesien: Voorgereg - *Baked Camembert & croûte*; Hoofgereg - *Ostrich Fillet* met bykosse, waaronder kelp; Nagereg - *Naartjie-crêpes*.

Die gebruiklike Wynproegilde-voorskote, 'n permanente skenking deur Deon en Erica Oosthuyzen, is deur Ian en Anne-Marè de Witt aan die aanbieders oorhandig. Die aand met KWV se wyne is terdeë geniet. Indien daar mense is wat KWV uitsluitlik met uitstekende brandewyn vereenselwig, is dit dalk tyd om weer te dink - KWV se wyne kan met reg as van die bestes onder die bestes gereken word!

Hardus Botha



Marmara de Klerk (regs) oorhandig 'n blyk van waardering aan Loraine Shuttleworth, mariene bioloog van Marine Dynamics.



Alma le Roux (regs), geluktrekkings-wenner, en Izelle van Blerk.



Die unieke walvisskelet teen die plafon van die Great White House.



Marmara de Klerk bedank Maretha Cooper en die personeel vir hul flink diens.

Advertise with GANS-BERG NEWS
Your trusted local newspaper in Gansbaai and the Overberg
REACH LOYAL LOCAL READERS
Get your message in front of an engaged community.
PROMOTE YOUR PRODUCTS & SERVICES
Increase awareness and drive customer interest.
BUILD YOUR BRAND IN THE COMMUNITY
Be seen. Be remembered. Be a part of what.
Support Local. SHOP LOCAL ADVERTISE LOCAL.
Connecting businesses with the people who matter most.
Book your space today!
Contact Janine 072 931 1431 janine@gansberg.co.za

OVERSTRAND MUNICIPALITY

Tenders are hereby invited for:

Tender No. OVM-17.2026.27: The Lease, Development, Management and Maintenance of a Conference Facility on a Portion of Remainder Erf 4565 Hermanus (5712m² in Extent) for a Lease Period of 30 (Thirty) Years.

Tender documents, in English, are obtainable from **Friday, 23 October 2026**, at the offices of the Supply Chain Management Unit, Overstrand Municipality, 1 Magnolia Avenue, Hermanus from Ms. R October, **roctober@overstrand.gov.za / 028 313 8052**, between 08h30-15h30 from Monday to Thursday, and 08h30-14h30 on Fridays.

Tender documentation fee of **R150-00** for hard copies or alternatively it is available electronically free of charge.

Sealed tenders must be deposited in **Tender Box No. 4** at the offices of the Overstrand Municipality. Bids may only be submitted on the bid documentation issued by Overstrand Municipality.

The closing date and time of the tenders are **15 December 2026** at **12h00**. Tenders will be opened in public by SCM personnel immediately after the closing date and time as indicated above.

The **90/10 preference point system** in terms of the **Overstrand Municipality's Preferential Procurement Policy** will be applicable.

OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

Tenders word hiermee ingewag vir:

Tender Nr. OVM-17.2026.27: Die Verhuring, Ontwikkeling, Bestuur en Instandhouding van 'n Konferensiefasiliteit op 'n Gedeelte van die Restant van Erf 4565 Hermanus (5712m² groot) vir 'n Huurtermyn van 30 (Dertig) Jaar.

Tenderdokumente, in Engels, is verkrygbaar vanaf **Vrydag, 23 Oktober 2026**, by die Voorsieningskanaalbestuurseenheid, Overstrand Munisipaliteit, Magnolialaan 1, Hermanus, vanaf Me. R October, **roctober@overstrand.gov.za / 028 313 8052**, tussen 08h30-15h30 van Maandag tot Donderdag, en 08h30-14h30 op Vrydae.

Tenderdokumentasiefooi van **R150-00** vir harde kopieë of alternatiewelik is dit gratis elektronies beskikbaar.

Verseëlde tenders moet geplaas word in **Tenderbus Nr 4** by die kantore van die Overstrand Munisipaliteit. Tenders mag slegs ingedien word op die tenderdokumentasie uitgereik deur Overstrand Munisipaliteit.

Die sluitingsdatum en -tyd van die tenders is **15 Desember 2026** om **12h00.** Tenders sal onmiddellik na afloop van die sluitingsdatum en -tyd in die openbaar oopgemaak word deur VKB personeel.

Ingevolge die **Overstrand Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid** sal die **90/10 voorkeurpuntestelsel** van toepassing wees.

UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

Kucelwa iziniki-maxabiso:

Ithenda enguNombolo OVM-17.2026.27: Ukuqeshiswa, uphuhliso, ulawulo kunye nokugcinwa kwezibonelelo zeenkomfa kwisiqephu se-Remainder Erf 4565 eHermanus (esibukhulu obuyi-5712m²), kwisithuba sokuqeshisa seminyaka engama-30 (amashumi amathathu).

Amaxwebhu abhalwe ngesiNgesi ayafumaneka ukusukela **NgoLwesihlanu, 23 ka-Okthoba 2026**, kwi-ofisi yoLawulo Lweentengo, kuMasipala we-Overstrand, 1 eMagnolia Avenue, eHermanus ku Nkszn. R October, **roctober@overstrand.gov.za / 028 313 8052**, phakathi kuka 08h30-15h30 ngoMvulo uyokuma ngoLwesine, ize ibengu 08h30-14h30 ngoLwesihlanu.

Intlawulo yeethenda yamaxwebhu **eyi-R150-00** yeekopi ezingamaphepha okanye kungenjalo iyafumaneka simahla kwikhompyutha.

Iziniki-maxabiso ezityiniweyo kufuneka zifakwe kwi Bhokisi **yeZiniki-Maxabiso 4** kwii-ofisi zikaMasipala wase-Overstrand. Iziniki-maxabiso kufuneka zifakwe kumaxwebhu akhutshwe ngu Masipala wase Overstrand kuphela.

Umhla nexesha lokuvalwa kweziniki-maxabiso yi **15 kaDisemba 2026 ngentsimbi ye-12h00** kwaye ziya kuvulwa ngoko-nangoko ngabasebenzi be-SCM.

Inkqubo yamanqaku **angama-90/10 ngokwemigaqo yoMgaqo-nkqubo wokuFumana ngokuKhethekileyo** kaMasipala waseOverstrand iya kusetyenziswa.

MR. EW JANTJIES
Acting Municipal Manager / Waarnemende Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala oBambeleyo
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No / Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 223/2026

157999

Gansbaai Mark was Saterdag, 24 Oktober 2026, behoorlik in pienk gehul ter bewusmaking van Borskankermaand. Pienk materiaal, pienk ballonne en stalletjiehouers en besoekers in pienk geklee was oral te sien - 'n vrolike en gesellige gesig vir 'n goeie doel. Op die foto is Suzette Botha, René Mouton, Elsa Snyman en Glenda Kitley.

Hardus Botha





Dave Sawtelle van die Pam Golding-span se verrassingsgeskenk aan Anton Wolfaardt - 'n elektriese mobiliteitsskuter - word ten volle en met groot dankbaarheid benut! Elsabe, Anton se eggenote, hoef hom nie meer in sy rolstoel dorp toe en terug te stoot nie. Die Gans-Berg Nuus, wat die aanvanklike berig oor die skenking geplaas het, het die egpaar op pad dorp toe raakgeloop. Anton het sy mobiliteitsskuter met selfvertroue bestuur, asof hy pas sy bestuurderslisensie geslaag het, terwyl Elsabe al geselsend langs hom gestap het. Op die foto kan Anton en Elsabe se dankbaarheid oor dié besondere geskenk duidelik gesien word.

Hardus Botha



Penguin Palooza returns to Stony Point



Stony Point in Betty's Bay is one of the last remaining mainland breeding sites for African Penguins, a species facing growing threats. **On Saturday, 7 November 2026**, Penguin Palooza returns to Stony Point Nature Reserve, offering the public an opportunity to learn about the species and the conservation work undertaken by CapeNature, SANCCOB and other partners.

The annual event starts at 10:00 and offers behind-the-scenes insight into the monitoring and rehabilitation work associated with the colony. Visitors can browse vendor stalls, enjoy children's activities and meet organisations involved in seabird and marine conservation. They can also observe the penguins from the Stony Point boardwalk, designed to minimise disturbance to the colony. African Penguins face numerous threats, including reduced food availability, pollution (including oil spills), climate change, habitat disturbance and predation.

CapeNature works alongside SANCCOB, which specialises in rehabilitating injured, ill and distressed seabirds, while CapeNature focuses on monitoring and protecting breeding colonies such as Stony Point. The maximum breeding pair count at Stony Point in 2026 was just 406 pairs, while fewer than 8 750 breeding pairs remain along the South African coastline. In 2024, the International Union for Conservation of Nature (IUCN) uplisted the species to Critically Endangered, reflecting its sharp population decline across southern Africa. Scientists have warned that the species could become extinct in the wild by 2035.

Addressing these threats requires sustained conservation efforts, but the public also has a role to play. Penguin Palooza encourages visitors to observe penguins responsibly, respect breeding colonies, keep beaches and oceans free of litter, and support organisations working to conserve marine species. The event also helps children and young people understand the connection between healthy oceans, thriving seabird populations and human wellbeing. CapeNature and SANCCOB invite families, schools and community members to attend Penguin Palooza and discover how collective action can help ensure that African Penguins continue to live and breed along South Africa's coastline.

(Article shortened: Hardus Botha)
CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn

OVERSTRAND MUNICIPALITY

